**24 Februarie** **Skrifgedeelte: Psalm 146**
**Fokusgedeelte: Psalm 146:5, 7-9**

## Hy is God en Hy gee om

Psalm 146 sing oor twee sake wat duidelik uitkom in Jesus Christus se koms en optrede. Die eerste is dat die mens nie kan red nie (vs 3). Daar word gewaarsku teen die vertroue in mense om te verlos. Ons hulp moet ons van die Here ontvang en ons hoop moet op Hom gevestig wees. In Jesus se koms en optrede word dit duidelik dat Hy meer as net 'n mens is. Hy is God, ons Verlosser. Die tweede saak is dat die lewende God omgee vir verdruktes, hongeriges, gevangenes, blindes, bedruktes, regverdiges, vreemdelinge, weduwees en weeskinders (vs 7-9).

Jesus het gekom om ons te verlos. Volgens Lukas (4:16-20) het Jesus gekom as Mens onder mense om ook uitgeworpenes, gevangenes, hongeriges, blindes en weduwees en wese te verlos. Met Christus se eerste koms het die tyd van God se seën aangebreek. Hy het inderdaad gekom om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk 4:19)!

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*